

18 Desember

Jeremia 4:19-28

Om met die oë van God na die wêreld te kyk

In die gedeelte word 'n skok-gedig aangetref. Vier maal lees ons daarvan dat Jeremia gekyk het. Wat sien hy? Chaos. Die rede? Omdat dit politiek en ekonomies nie goed gaan nie? Nee, omdat die volk van God vergeet het en skaamteloos agter die moderne afgode van hulle tyd aangehardloop het. Daarom dan ook hierdie klaaglied of skok-gedig waarmee die profeet die verroeste en geboeide geheue van die volk wil wakker maak. Hy wou die verdraaide opvatting dat alles reg is die nek omdraai. Die volk moes let op die ernstige saak naamlik om deur "God se oë na die wêreld te kyk". In Jeremia se tyd was daar een saak wat oor en oor weerklank het: "Alles is reg". Hoe sien ons die wêreld en ons omstandighede? Ons sê dalk ook dat alles reg is omdat dit met my goed gaan. Ontkenning is 'n maklike en gewilde manier om die erns van sake mis te kyk - 'n verdedigingsmeganisme. Wat 'n mens in die hart gryp is die feit dat God van alles weet en volgens Jeremia maak dit Hom hartseer. In vers 27b word iets van 'n terughoudendheid aangetref: "maar Ek sal dit nie heeltemal vernietig nie". Alhoewel God die volk sal straf betoon Hy tog sy liefde. Die woorde herinner ons sterk aan Lukas 15, naamlik die gelykenis van die barmhartige pa en verlore seun. Met pynlike verlange wag die pa op die terugkeer van sy kind. Dit is hierdie gedagte wat 'n mens by die aanhoor van Jeremia 4 ook tref. Dalk moet ons meer gereeld deur God se oë na alles rondom ons kyk. Indien ek leef vanuit die troos dat God sy Seun in my plek gegee het, word ek hartseer oor al die sonde in my eie lewe asook in die wêreld. Sodoende begryp ek iets van die hartseer wat God het oor kinders wat nie die feite van hulle lewe raaksien nie.

Sing: Psalm 139:2

Ds. F.P. Kruger (Meyerton)